

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 168**

(Julie 1982)

## **Bid met ontsag**

So moet julle dan bid . . .

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# Gesagsverhouding in Gebed

Gesag. Dissipline. Onderworpenheid. Gebrek aan die drie eienskappe kan jou breek. Die voorreg om die eienskappe te hê, kan jou maak. Dit is baie waar.

'n Vader praat met gesag tot Sy kind wat hy liefhet.

Van kindsbeen af word die kind geskool in gesag en dissipline om met dissipline aan gesag onderworpe te staan.

'n Mens sonder dissipline is moeilik aanvaarbaar in die lewe.

So 'n mens kry baie swaar in die lewe.

Maar 'n kind kan tog nie sy ma en pa opdrag gee nie. Hy ontvang opdrag, juis van hulle.

'n Kind van liefde het vrymoedigheid om van sy ouers te vra wat hy nodig het.

So staan ons voor God.

'n Kind voor sy Vader.

Wie gee ons dan die reg om die ewige God as Vader aan te spreek?

Die Here Jesus gee ons opdrag om so te bid. Dis 'n opdrag wat Hy uitgevoer wil hê. Ons lees in Mat. 6:9: "Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is."

Wie *vader* sê, is tog kind.

En wie *Vader* sê is tog ook 'n kind.

Kind van God móét *Vader* sê.

Dit gee vir ons dadelik die regte verhouding in ons gebed.

Deur Christus se verlossingsbloed het God weer ons Vader geword.

'n Kind vertrou tog sy aardse vader.

In meerdere mate kan ons dan onse hemelse Vader vertrou.

Dit wek die nodige vrees en vertroue in ons gebed.

Vrees?

Dit beteken nie om bang te wees vir God nie. Vrees beteken om op te sien na God in afhanklikheid soos 'n kind na sy ouers opsien.

Jy sien tog net na iemand op wat jou meerdere is, maar ook iemand wat jy ten volle kan vertrou.

Daarom: Onse Vader wat in die hemele is.

*Ek mag God ook nie op aarde neerdruk om aan ons gelyk te word nie.*

Dit is die grond van ons gebed waarop ons voor God kan gaan staan. Gewis 'n voorreg wat Christus ons gee om God so aan te spreek — selfs nog in opdrag.

Maar die vertroue en vrese gaan na God uit wat in die hemel is.

So sal ons ons ook nie self groot wil waan om aan God gelyk te wil wees nie.

Ons is op die aarde.

Ek sal my nie self opwaarts na die hemel wil verhef om God daar in my gebed voor te skryf en opdrag te gee wat Hy vir my moet doen nie. Ons is nie bedorwe kinders nie. Ons is verlose kinders wat ons afhanklikheid kén.

Ons mag God ook nie op die aarde neerdruk om aan ons gelyk te word in ons bestaan nie.

God is Koning in hemelse majesteit.

Daar moet dus kinderlike vertrouwe wees, maar ook respek.

Ons gebed kom dus nie uit 'n boek of ons in die hemel is met voorskrifte aan God nie.

'n Vader ontvang mos nie opdragte van sy kind nie.

God die Vader ook nie van ons nie.

'n Gelowige en dankbare kind is nie 'n verwende kind wat nie sy plek in die huis ken nie.

Hy eer sy ouers.

Hy eer sy Vader in die hemel.

Dis die goeie opvoeding in gesag wat jou lief maak vir jou vader en jou Vader.

***Ds. Andries H. Mulder***

# DIE ALMAG VAN GOD

Christus sê in Matteus 7: "As julle wat sleg is dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan dié wat Hom bid!" (vers 11)

Ja, watter kind is daar wat nie hierdie onwrikbare geloof in sy pa openbaar nie?

- 'n Vaste vertrouwe in sy pa;
- Sekerheid dat hy die goeie van hom *sal* ontvang;
- Alles wat nodig is, *kan* hy van sy pa verwag.

Hoeveel te meer julle hemelse Vader?

Onvergelyklike . . . onmeetlike . . . onuitspreeklike voorreg vir jou en my.

En weet u, nou sorg God vir ons deur Sy almag, sê die Kategismus.

Almag? Dit klink so geleerd . . . so ingewikkeld . . . so misterieus.

- Die Bybel leer ons dat God Almagtig is. . .
- God maak Homself só aan ons bekend . . .
- Die Kerk erken Hom so in die eerste artikel van sy geloofsbelydenis.

## WERKE

God se almag kom tot uiting in Sy **werke**:

- Hy is Skepper en Onderhouer daarvan (Gen. 1);
- Reën en wind, lig en donker, koue en hitte, voorspoed en teëspoed kom op Sy bevel (Jes. 45, 54);
- Hy maak dood en gee lewe, maak arm en ryk, verneder en verhoog (I Sam. 2);
- Ja, **alles** wat op hierdie aarde gebeur . . . **alles** wat met my en jou gebeur . . . dit gebeur deur die almag van God!

## HERSKEPPING

Maar God se almag tree ook in werking by die **herskepping**:

- Hy wek Christus op uit die dood (Rom. 1:4; Ef. 1:20);
- Hy vernuut die hart van die sondaar (Ps. 51:12);
- Hy werk en versterk geloof (Rom. 16:15);
- Hy skenk oorfloedige genade (2 Kor. 9:8);
- Ja, deur Sy almag herskep en vernuut Hy.

## DAAROM

Wat beteken almag van God dus? Dit beteken doodeenvoudig:

- Daar is *niks* wat God nie kan doen en uiteraard doen nie;
- Daar is *niks* bo Sy vermoë nie;
- Geen ding is vir Hom onmoontlik nie;

- Niks wat Hy doen, is kragteloos nie (Luk. 1:37);
- Ja, geen **mag** in die wêreld kan Sy mag beperk nie ... of Sy planne verydel nie ... of Sy dade deurkruis nie.

Ons God is die almagtige God. . . Onse God . . . Hy is:

- Koning van die eeue (I Tim. 1:17);
- Koning van die konings;
- en Here van die here (I Tim. 6:15).

Hy skep, formeer, gee lewe, vernuut, regeer, lei, bewaar, dra, sien, sorg. . .

Besef jy dit?

*NIEMAND en NIKS* kan onafhanklik van die almagtige God bestaan, leef en bly leef nie. Nee, in Hom leef, is en beweeg alles (Hand. 17:28).

Ons skiet ver tekort. . . In mensewoord kan ons nie eers verder probeer om die almag van die almagtige God uit te druk nie:

- Dis bo-menslik;
- Dis bo-verstandelik;
- Dit laat jou neersak in jou nietigheid.

Maar . . . **GLO** jy dit? Glo jy in hierdie almagtige God?

Wat 'n heerlike geloof: Om te kan glo in die almagtige God.

Wat 'n voorreg om tot hierdie God te kan bid.

Dit laat die wêreld voor jou oopvou. . .

Want op my knieë voor die almagtige God kan ek die lewe kop-omhoog stormloop.

***Ds. Nico Ligthelm***

# ONS MOET GOD KEN

Om God waarlik te ken, om die ware kennis van Hom te besit, is seker die belangrikste saak in my lewe.

Jesus sê Self in Johannes 17: "En dit is die ewige lewe: Dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus wat deur U gestuur is."

Sonder die ware kennis van God

- kan sy Naam nie deur ons geheilig word nie;
- kan ons aan Hom nie die eer betoon wat Hom alleen toekom nie;
- kan ons nie die ware geloof besit nie;
- kan ons nie salig word nie.

Om sy Naam te heilig, om Hom te eer, om te kan glo en te kan bid, om salig te kan word is dit voor alles nodig om God reg te ken.

En nou is die wonderlikste dat ons nie 'n desperate soektog op tou hoef te sit en in aller yl op alle moontlike en onmoontlike plekke te gaan probeer om kennis van God te versamel nie.

Want Hy het dit vir ons maklik gemaak. Hy het Homself aan ons bekend gestel. Hy het Hom aan ons geopenbaar.

En Hy doen dit veral op twee maniere: In Sy werke en in Sy Woord.

Ons ken God in die eerste plek uit Sy werke in die natuur. Hy is die Skepper en Onderhouer van alles wat bestaan. Psalm 19 sing daarvan: "Die hemel getuig van die mag van God, die uitspannel maak die werk van Sy hande bekend. Die een dag gee die berig deur aan die ander, en die een nag deel die kennis aan die volgende mee."

*Ons ken God in die eerste plek uit sy werke in die natuur.*

Ons ken God ook uit Sy almagswerke in die geskiedenis — hoedat Hy besig is om in die wêreldgebeure sy Raadsplan te volvoer.

Ons ken God uit Sy werke in ons eie lewe. Hy skenk aan ons gesondheid en lewenslus en werkywer. Hy seën ons met alle stoflike gawes. Uit Sy hand ontvang ons groot vreugdes en swaar beproewings, maar altyd mag ons weet: Niks kan ons uit Sy hande ruk nie.

Ons leer God meer in die besonder ken uit sy Woord, die Bybel. Daarin maak Hy aan ons sy Naam bekend en al Sy deugde. Daarin sien ons Sy almag, Sy wysheid en Sy goedheid, en veral Sy genade van sondevergifnis, barmhartigheid en waarheid.

En dan moet ons Hom veral ken uit Sy heerlikste openbaring: Sy Woord wat in die volheid van die tyd vlees geword het, Jesus Christus, in Wie Hy die volheid van Sy liefde en trou, Sy heiligheid en geregtigheid, Sy genade en waarheid geopenbaar het.

*Ons leer God meer in die besonder ken uit sy Woord, die Bybel.*

Só staan God midde in ons lewe. En só moet Hy geken word: In die natuur, in die geskiedenis, in sy werke in my eie lewe, in Sy Woord en in Jesus Christus.

En miskien die belangrikste: Die kennis van God waarvan hier gepraat word, is nie blote verstandskennis nie — want dit besit Satan ook, maar kennis in die geloof, met 'n warm en liefdevolle hart.

Wie God só ken, en wie se kennis van Hom deur sy Woord verryk en deur die eie

lewenservaring bevestig word, so 'n persoon sal God steeds meer liefhê, in Hom alleen roem en Sy heilige Naam grootmaak.

Laat dit ook die bede van u hart wees:

Here, gee dat ons U reg ken!

***Ds. Pieter van der Walt***

# ONS LEWE IN DIENS VAN GOD

## IN DIENS VAN

Om in iemand se diens te staan, is omtrent elke mens op aarde se lot. Min of meer elke mens het iemand bokant hom in wie se diens hy staan.

Maar hy wat sê: "Ek glo in Christus", se lewe staan in die besonder in diens van God. Dit beteken: Benewens jou aardse baas, staan jy ook nog in diens van 'n hemelse Baas, die Here Jesus Christus.

## WAT VERWAG MY HEMELSE HERE VAN MY?

Wat wil die Here hê ek moet doen?

Die antwoord is verrassend eenvoudig! **Hier op aarde** kan ek **elke dag** in diens van die Here staan deur net te maak soos wat Hy in Kolossense 3:23 sê: "Wat julle ookal doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie."

Dit beteken jy moet die Here in die **middelpunt** van jou lewe plaas. Paulus druk dit in Filippense 1:21 só uit: "Vir my is die lewe Christus." Hy — en niemand anders nie — is die belangrikste Persoon in my lewe.

## GESINDHEID VAN DIE HART

'n Vraag van belang is: Al bly ek op die aarde, met watter gesindheid in my hart doen ek my werk?

Werk 'n gelowige dan so anders as 'n ongelowige?

Nee, natuurlik nie! En tog het jy as 'n gelowige en die heiden op **verskillende maniere** julle werk gedoen.

Die verskil kom daarby in: Jy as gelowige het jou werk gedoen asof jy dit vir God doen. Jy het voortdurend met jou Here in die hemel gelewe. Jy verkeer altyd onder die besef: Ek werk nie bloot om klaar te kry nie, of net om mense te behaag nie, of om net aan die einde van die maand my loontjek te wissel nie. Nee! Voor alles staan ek in diens van die Here.

## HEERLIKE DIENS

En wat 'n heerlike iets is dit nie om in diens van die almagtige God te wees nie! Want dit beteken: Ek is sy slaaf — ja, slaaf van die Here. Ek behoort aan Iemand in die hemel.

Vroeër was ek 'n slaaf van die sonde. Toe het ek in diens van die satan gestaan.

Maar nou dat ek aan Christus behoort, is dit heeltemal anders. Nou is ek 'n nuwe mens, en nou staan my ganse lewe in diens van Christus.

Want: Hy het sy lewe hier op aarde in my diens gestel. Jesus het Self in Markus 10:45 gesê: "Die Seun van die mens het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie mense."

Vroeër was ek 'n **slaaf**, maar nou is ek **vry** — ek is **vrygekoop** op die duurste slawemark van alle tye: Golgota! En die duurste van alle pryse is vir my betaal: Die kosbare bloed van Jesus Christus.

Omdat ek nou aan Hom behoort, dien ek Hom met my hele hart, my hele verstand en al my kragte. En dit doen ek uit dankbaarheid.

**Ds. André Grove**

# PRYS DIE HERE...

## PRYS

Dit is al klaar moeilik vir ons om vir iemand te sê: Jy mag nie vloek nie! Jy mag die Naam van die HERE nie ydellik gebruik nie!

Maar al is dit moeilik, is dit nogtans makliker as om in die plek daarvan iets te plaas. As jy die Naam van die HERE nie ydellik gebruik nie, beteken dit nog nie dat jy daarby moet ophou nie.

Jy *moet* sy Naam gebruik, maar jy moet dit *reg* gebruik. Jy moet sy Naam prys! Ja, jy moet Hom loof en groot maak in jou lewe!

## MANIER

Die hele Bybel is vol lofprysinge teenoor die HERE — veral in die Psalms.

En dan val dit 'n mens op hoe omvangryk die digters die HERE prys. Dit is asof hulle net nie genoeg woorde het om sy lof te besing nie.

- Psalm 71:8: "My mond is *vol* van u lof." Hy het vir niks anders plek as om die HERE te loof nie.
- Psalm 103:1: "Loof die HERE, o my siel, en *alles* wat binne-in my is, sy heilige Naam!" Met sy ganse menswees wil hy God groot maak. Selfs uit die binneste dele van sy bestaan borrel dit na buite toe uit.
- En tog: Hoe intens en opreg, hoe skoon en verhewe ons lofliedere ookal mag wees, uiteindelik moet ons onder die besef kom dat ons op 'n baie beperkte en gebrekkige manier die HERE prys, want Psalm 145:2 (berymd) leer ons:

"Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid wat ooit sy lof in volle waarde uit."

## WAAROM PRYS?

Waarom moet ons die HERE prys? Op hierdie vraag is daar menigvuldige antwoorde uit die Bybel self.

- Paulus prys die Here omdat Hy *almagtig* is. Romeine 12:36: "Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge."
- Dawid loof Hom omdat Hy hom in die oorlog *bekwaam maak* om te veg (Ps. 144).
- Die onbekende digter van Psalm 146 prys die HERE omdat Hy die mense wat in nood is (die hongeriges en blindes en verdruktes en weduwees) *help*.
- In Psalm 103 maak Daniël die HERE groot omdat Hy *genadig* is. Hy verwyder jou sondes só ver van jou af as wat die ooste verwyderd is van die weste. En watter twee punte is verder as dit van mekaar?
- Sagaria loof God in Lukas 1 omdat Hy Christus aan ons gegee het — en in Christus weet ons ons het *vrede* en is ons *salig*.

## WAT VAN MY?

Wanneer laas het ek uit my pad gegaan om God te prys?

- Met 'n loflied in die kerk wat uit my hart kom en nie net oor my lippe nie?
- Met 'n prysgebed al dankend op my knieë?
- En spreek my dade daarvan dat ek die HERE onverpoos groot maak?  
Ps. 146:1:

"Prys die Heer met blye galme,  
O my siel daar's ryke stof!  
'k Sal, solank ek leef, my psalme  
Vrolik toewy aan sy lof.  
En Hom wat sy guns my bied,  
Altyd groot maak in my lied."

***Ds. André Grove***